

**Skriflesing:** Openbaring 3:1-6

Teks: **Openbaring 3:1,2**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 66:1,2**

**TYDENS EREDIENS- Ps. 104:1,10,11; Ps. 65:1,2; Ps. 86:1,6; Sb. 15-6 (42):1,2,3**

**Openbaring 3:1-6**

**Rev 3:1 Skrywe aan die leraar van die gemeente in Sardis: So sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle die naam het dat julle lewe, en tog is julle dood.**

**Rev 3:2 Word wakker en versterk wat nog by julle oorgebly het, wat op die punt staan om dood te loop. Wat julle doen, vind Ek nie goed genoeg voor die oë van my God nie.**

**Rev 3:3** Dink daaraan hoe julle die evangelie ontvang en daarna geluister het. Hou daarmee vol en bekeer julle. As julle nie wakker word nie, sal Ek onverwags kom soos 'n dief, en julle sal nie weet wanneer Ek op julle sal afkom nie.

**Rev 3:4** Maar julle het darem 'n paar mense daar in Sardis wat nie hulle klere besoedel het nie, en hulle sal altyd in wit klere by My wees omdat hulle dit waardig is.

**Rev 3:5** Elkeen wat die oorwinning behaal, sal sulke wit klere dra. Ek sal nooit sy naam uit die boek van die lewe uithaal nie, en Ek sal voor my Vader en voor sy engele verklaar dat hy aan My behoort.

**Rev 3:6** Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê.

**Skriflesing:** Openbaring 3:1-6

Teks: **Openbaring 3:1,2**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 66:1,2**

**TYDENS EREDIENS- Ps. 104:1,10,11; Ps. 65:1,2; Ps. 86:1,6; Sb. 15-6 (42):1,2,3**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, 'n vraag wat elke ware kerk van die Here onself op hierdie Hervormingsondag moet afvra is of ons nog 'n lewende gemeente is? Ons as Gereformeerdes vier vandag wêreldwyd die besondere gebeure waar Martin Luther op 31 Oktober 1517, 95 stelling teen die kerk deur van Wittenberg vasgespyker het wat amptelik as die begin van die reformasie gesien word. Vir baie eeue is die Sondag die naaste aan 31 Oktober bekend as Hervormingsondag, ja hierdie jaar val dit presies op die Sondag.

Die vraag vandag mag dalk 'n ongemaklike vraag wees, maar tog 'n baie dringende vraag want dit kom van Jesus Self as ons die gebeure in die gemeente van Sardis na ons hoor kom.

Baie sal vandag wil sê hoe weet ons, hoe bepaal ons wanneer 'n gemeente werklik 'n lewende gemeente is? In Sardis sê die Koning van die kerk oor spesifiek hierdie kerk iets groot en baie sorgwekkend ... *Ek weet dat julle die naam het dat julle lewe, en tog is julle dood.*

\*\*\*

Vir die kerk in Sardis is dit 'n beskuldiging uit die mond van Christus Self. Dit sou vir hulle swaar wees om so iets te moes hoor. Dadelik sien ons dat Sardis het so 'n beskuldiging nie verwag nie. Tussen die sewe gemeentes hier aan die begin van Openbaring, waar Jesus elke gemeente afsonderlik besoek, het Jesus nie net sewe Geeste m.a.w. die Heilige Gees voor sy troon nie, maar Hy hou ook die sewe sterre, m.a.w. die sewe predikante van elke gemeente in sy

hand en kan ons verwag Hy hou hulle verantwoordbaar. So sou nie net die predikant nie, maar ook die hele gemeente van Sardis verantwoordbaar gehou word.

\*\*\*

In Sardis se eie oë en selfs in die oë van ander kerke was hulle 'n voorslag gemeente. Dit het in die gemeente van Sardis op die oog af baie goed gegaan. Dit het in hierdie kerk gegaan soos wat dit in die stad Sardis gegaan het. Eens was dit 'n magtige en glorieryke stad. Hoofstad van die provinsie Lidië. 'n Baie ou stad, ja dit dateer al omtrent 1000vC. Toe Dawid koning in Israel was, toe het die stad al 300 jaar bestaan. Dit was nog altyd 'n indrukwekkend plek, gebou op 'n berg. Daar was net een pad om by die stad uit te kom en hierdie pad kon maklik toegemaak word as enige vyande nader wou kom. Dit het dit baie moeilik gemaak om die stad aan te val. Daar was selfs 'n spreekwoord in daardie dae dat as iets baie moeilik gelyk het of iets lyk vir die mens onmoontlik dan het hulle die spreekwoord gehad: "Dit is so onmoontlik soos om Sardis aan te val". Een kant hoor ons wat mense oor hierdie stad gesê het, mense was baie beïndruk, maar dit mag nie gaan om wat mense sê nie, maar wat die Here sê is die deurslaggewende. Om te hoor wat God oor Sardis gesê het, dat *Ek weet dat julle die Naam het dat julle lewe en tog is julle dood.*

\*\*\*

Dit laat ons die volgende drie dinge op hierdie Hervormingsondag vra dat ons weer kan bedink wat dit is om waarlik 'n lewende gemeente vir die lewende Christus te wees! Eerste dan- Wat moet in 'n lewende gemeente die eerste en belangrikste wees wat moet gebeur? Tweedens vra ons die vraag- sal 'n lewende gemeente ooit sonder enige kerklike stryd wees? In die laaste plek waartoe moet ons stryd ons lei of anders gestel waartoe dwing die stryd ons? Eerste dan-

**Wat moet in 'n lewende gemeente die eerste en belangrikste wees wat moet gebeur?**

Hervormingsondag laat ons dieselfde vraag vra- wat is die eerste wat geglo moet word en wat is die belangrikste wat moet gebeur. Eerste glo ons dat God en God alleen altyd die eer moet kry. Nie mense se eer, of mense se regte, of menswaardigheid van mense nie, maar God se eer moet voorop staan. Die reformatore se uitgangspunt was altyd *Soli Deo Gloria*- AAN GOD ALLEEN DIE EER! In hierdie ere aan God staan ook die ander *solas*, wat vandag ook na gesoek moet word en wat moet gebeur om waarlik 'n lewende gemeente vir Christus te wees. *Solo Christo*, Christus alleen, *Sola Gratia*, slegs deur genade, *Sola Scriptura*, slegs die Skrif, *Sola Fide*, slegs deur die geloof. Dit alles moet dien tot *Soli Deo Gloria*, aan God alleen die eer.

Dit is die uitsprake wat op hierdie Hervormingsondag ook weer 'n duidelike weerklank in ons lewens moet vorm. Dis dinge wat in 'n kerk altyd weer nagestreef, nageleef, nagespeur moet word. Die belangrikste is dat die Woord soos gebind aan die Heilige Gees uitgedra moet word en niks anders nie, ja waarlik moet dit wees- *Sola Scriptura*.

\*\*\*

In Sardis was dit nie meer die geval nie, daarom het die kerk wel net die naam gehad dat hulle lewe, dit kan ook gestel word, die kerk lyk so vooruitstrewend, maar die sewe Geeste voor die troon van God, was van die preekstoel verwyder. Die Geeste voor die troon was nie meer die woorde van die Heilige Gees vanaf die preekstoel nie. In Sardis het hulle die Woord van God van die Heilige Gees wou losmaak. Vanaf die preekstoel kan baie lewenslesse en sedelesse voorgelê word, daar kan allerhande mooi stories en planne vanaf die preekstoel kom, maar as dit nie vanuit die Bybel kom nie, dan is dit nie die Woord van God wat verkondig word nie.

Dan is die sewe Geeste voor die troon van God nie meer die Heilige Gees wat voluit vanuit hierdie Kerk spreek nie. Dis 'n bedrieglike en tragiese toestand as dit gebeur. Dit wat Jesus sê en dit wat geskrywe moes word, weet ons teen hierdie tyd elke aankondiging wat Jesus oor 'n gemeente maak kan herlei word na aspekte wat in Openbaring 1 al aangeraak was. In Openbaring 1 vers 4 het ons gelees - *Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is ...* Dit gaan spesifiek oor die sewe Geeste wat voor sy troon is... So begin Openbaring 3 ook spesifiek met die werk van die Heilige Gees as Jesus oor die gemeente die eerste woord begin spreek - *Dit sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het...*

\*\*\*

Die Heilige Gees het niks van sy werking oor hierdie gemeente wou terughou nie. Op Hervormingsondag kan ons sê alle ware kerke, ook vanuit die reformasie, is veronderstel om Pinksterkerke te wees. Kerke wat moet kan leef vanuit die Pinksterbelofte... Ons as kerk moet wil sê die Heilige Gees is ook in sewevoud, ja ten volle aan ons gegee, maar nou kom die vraag, waar die Heilige Gees werk en waar die Heilige Gees altyd die Een is wat lewe wek, hoe kan dit gebeur dat 'n kerk skynbaar lewend lyk maar inderdaad eintlik 'n dooie kerk is?!

Dit wat Jesus oor Sardis uitspreek is 'n wesentlike gevaar. Hoe het dit gebeur dat hierdie gemeente doodgegaan het terwyl die Heilige Gees ook aan hulle gegee was? Dit gebeur so maklik en wil ek amper sê ook so vinnig. Dit gebeur wanneer die Woord van die Heilige Gees, ja wanneer die Woord van God nie meer werklik gehoor word en die Woord nie meer die laaste sê in 'n gemeente het nie. So maklik is daar so baie dinge wat die Woord van God wil verdring. In ons tyd kan ons dink aan hoe mense op menseregte en hulle eie menswaardigheid klem wil lê dat God se regte en die eer wat God alleen toekom, nie meer sentraal staan nie.

\*\*\*

Kom ons vra op hierdie Hervormingsondag dat die Heilige Gees ons weer sal terugwing na die Woord van God. Dit is waar die lewe is en dis waar die verskil kom dat 'n kerk kan voorgee dat hulle lewe maar tog is hulle dood as die *solas* van die reformatie vir ons vreemd geword het!

Die Heilige Gees wat in 'n kerk die lewe moet wek sal nooit die ware lewe wil wek sonder die Woord van God nie. Die Woord van God en die Heilige Gees werk nooit los vanmekaar nie en mag ook nie van mekaar geskei word nie. Wanneer ons dit probeer doen en ons hou ons geestelik lewendig maar sonder die Woord van God dan het ons in die greep van die metodisme verval wat in alle geval herlei kan word na mense wat voorgee hulle werk vanuit die Heilige Gees maar hulle metode staan los van die Woord, dit maak hulle metodisties! Dit wil ons nie wees nie! Dit bring ons alreeds by die tweede vraag vandag-

**Sal 'n lewende gemeente ooit sonder enige kerklike stryd wees?**

Ons wil gereformeerd wees, ons sê dit op hierdie Hervormingsondag dat gereformeerd wees beteken om altyd te wil reformeer, altyd weer terug na die bron, terug na die fontein, terug na die Woord van God. Ons vra die Heilige Gees om ons na die Woord van terug te dwing. Dit gebeur nie sonder stryd nie! Om altyd weer te reformeer dit wat gereformeer is, altyd nog wêér *ad fontes* ... terug na die fontein, terug na die Skrif.

\*\*\*

Dit waaraan Jesus Sardis ook herinner is aan die Woord van God. Jesus roep hulle terug na die Woord as Hy sê: *3 Dink daaraan hoe julle die evangelie ontvang en daarna geluister het. Hou daarmee vol en bekeer julle.* As dit nie meer alleen net die Woord van God is wat in 'n kerk geld nie, dan kan mense hulleself nog so godsdienstig vroom hou maar het hulle eintlik die krag van die geloof, die *sola fidei* ook verloor. Paulus het die kerke van alle eeue ook so duidelik

gewaarsku en die kerke daarop voorberei dat die tyd gaan kom, dat mense nog 'n gedaante van die godsaligheid mag hê maar die krag daarvan verloën het (2 Tim 3:5).

\*\*\*

Ons is in so baie opsigte geneig om ons meer te wil steur aan wat mense sê as wat ons ons werklik steur aan dit wat God vandag ook hier vir ons sê, broeder en suster. Is ons nie in ons sondige natuur baie meer daartoe geneig om na ander mense se oordele te luister as om ook vandag te wil luister wat die Heilige Gees ook aan hierdie Kerk in Postmasburg wil sê? Het ons hier meer kon oorhou as net 'n gedaante van die godsaligheid? Dis 'n moeilike en ernstige vraag wat elke kerk, maar ook elke gelowige hulleself sal moet afvra.

\*\*\*

Dit wat die ander mense, selfs buurgemeentes van Sardis gesê het, was om hulle te beskou as 'n model kerk. Ander kerke sou sê, "ai ek wens dit het by ons gegaan soos dit by die kerk in Sardis was". Uiterlik het dit werklik in Sardis baie goed gegaan. Ja, die kerk kan so maklik in die verbeelding leef ons is so ryklik geseënd, kyk ons getalle, kyk ons geboue, kyk hoe kan ons organiseer en saamwerk, alles uitwendige dinge, tog is daar eintlik geen geestelike stryd wat in Sardis gevoer was nie.

\*\*\*

Ons besef vandag 'n lewende gemeente hier op aarde kan nooit sonder enige kerklike stryd wees nie! In al die ander gemeentes wat ons tot hier die pad kon stap was daar moeilike en swaar dinge ter sprake. In Efese was daar 'n stryd tussen lig en duisternis. In Smirna was dit 'n gemeente deur die Jode bedreig, dit was werklik 'n stryd tussen lewe en dood. In Pergamus was dit 'n stryd rondom die prediking, ja mense het nie meer wou glo dat dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die geloof te werk nie (vgl. 1 Kor. 1:21). Die skeiding wat die prediking bring, is 'n stryd wat gestry moet word want dit gaan om die tweesnydende swaard, weerskante skerp wat reg hanteer moet word.

In Thiatira waar ons 2 weke gelede was, was dit weer 'n stryd rondom die ontroue vrou, Isebel, waar sy die vakkbonde misbruik het in haar godsdienstige owerspel. Sy teenoor Lydia wat ook van Thiatira afkomstig was, Lidia, die deugsame vrou, ja as ons die karakter van die deugsame vrou in Spreuke 31 weer mooi nagaan, dan is soveel van die eienskappe wat daar in Spreuke

staan, beslis ook op Lidia van toepassing gewees. So 'n vrou is baie werd, baie meer werd as korale, as edelstene lees ons in Spreuke.

\*\*\*

So het elke kerk tot waar ons nou tot hier in Openbaring gekom het 'n felle en moeilike stryd moes bly stry, maar Sardis lyk dit of dit goed gaan. Dit lyk of daar geen stryd te stry is nie. Die mense is beïndruk, die lidmate is self so tevrede, die eredienste is opgevolg, die dominee preek tog so mooi, geen finansiële probleme nie, puik organisasie, pragtige gemeentesang, die gesellighede na die erediens is tog so lekker, baie dink dit is darem 'n wonderlike kerk hierdie!

En daar maak mense so 'n groot fout want wat bepaal werklik die lewe van 'n gemeente. In die oë van Jesus was Sardis 'n dooie kerk, 'n aan die slaap kerk, 'n kerk wat nie bereid was en daartoe verbind was om vir die groter en belangriker sake van kerk-wees te stry nie. So lank dit mos net met ons goed gaan dan is dit mos reg? Dit is beslis nie hoe die Here hierna kyk nie. Daar is 'n stryd om te moet stry, daarom is ons laaste vraag vandag-

**Wartoe moet ons stryd ons lei of anders gestel wartoe dwing die stryd ons?**

In die oë van Christus is die belangrikste van kerk-wees en dit wat die lewe van 'n kerk bepaal, baie beslis nie hoe goed dit gaan nie, maar of daar werklik 'n lewende en oortuigde verhouding met Christus is. Kerk-wees in Sardis het meer om mense-verhoudinge en om die stad gedraai as wat dit om 'n lewende verhouding met Christus gegaan het. Soos die stad se inwoners, so was die kerk aldaar net te selfversekerd.

Die kerk daar het die naam gehad dat hulle lewe en op die oog af geen gevaarlike dwaalleer en swaarkry en vervolging wat die kerk bedreig het nie. Dit mag alles goed klink maar vir God is dit nie goed nie. Die werklike stryd kom vir wanneer 'n kerk aan die slaap gevang word. Dit was inderdaad 'n stryd wat die kerk sy eie sluimering nie besef het nie. Die kerk het geen stryd nie, maar nou het God wel 'n stryd met hierdie kerk. 'n Aan die slaap kerk kan van buite selfs goed lyk, alles lyk so rustig en vreedzaam, die mense kom in getalle die eredienste bywoon, maar dit is maar alles "business as usual". Ons trap nie op mekaar se tone nie, niemand wys niemand tereg nie, maar Christus is alles behalwe die Een wat sal toelaat dat dit daar maar kan aangaan soos dit gaan, al is die oorgrote meerderheid so tevrede met hoe dit gaan.

Dis waarom Christus ook vir hulle sê - *As julle nie wakker word nie, sal Ek onverwags kom soos 'n dief, en julle sal nie weet wanneer Ek op julle sal afkom nie ...* Die stryd wat ons as kerk moet stry is 'n stryd wat ons dwing om altyd geestelik wakker te wil wees. Dis 'n stryd om die kleed wat ons in die geloof moet aantrek altyd rein en wit te hou. Interessant in Sardis was daar 'n fabriek wat wol kon kleur. Wol is van verskeie plekke af na Sardis toe gestuur sodat klere van verskillende kleure gemaak kon word.

Jesus gebruik die bleik fabriek nou in omgekeerde sin. My siel moet nie van kleur verander nie, my siel moet nie verbleik soos dit met die klere kan gebeur wat ons aantrek nie. Of soos die klere wat Sardis in verskillende kleure kon uitgee nie. In geestelike sin praat Jesus oor net 'n paar lidmate in hierdie groot gemeente van daardie tyd wat nie geword het soos die res van die gemeente nie. Hulle het hulle geestelike klere wit gehou, dit nie besoedel nie. Hulle wit klere is nie deur die sonde en die afgode van die stad bevlek nie. In die opsig dra hulle wit klere en nie die gekleurde klere van die stad nie.

Dis vir hulle en vir ons wat die erns rondom Sardis besef vir wie die Here ook die belofte gee. *5 Elkeen wat die oorwinning behaal, sal sulke wit klere dra. Ek sal nooit sy naam uit die boek van die lewe uithaal nie, en Ek sal voor my Vader en voor sy engele verklaar dat hy aan My behoort.* Aan elke gemeente het God op die einde van die gemeentebrief 'n besondere belofte gegee. Vandag ook weer nie anders nie! Die belofte van dit wat geskryf word en dit wat verklaar word. In Sardis het hulle in die stad 'n register gehad wat almal se woonadresse opgeteken was. Hulle het geweet wie waar bly... As iemand sterf of iemand word siek het hulle gou daardie persoon kon opsoek en opspoor. Hulle name was opgeskrywe. Ja, logisties was dit 'n wakker stad, hoekom die stad geestelik so aan die slaap was, word die al moeiliker vraag. Is dit nie maar op so baie plekke die geval nie?

Oor die sake van die dag, die finansies, die politiek, die boerdery, selfs die skole, mense kom voor hulle is wakker en gee om, maar kom dit by die kerklike sake en dit wat werklik diep geestelik raak, dit wat ons kennis van die gereformeerde leer aangaan, o dit is bedroewend! In die katkisasie is dit so duidelik hoeveel kinders die absolute minimum van die Skrif weet. Baie weet nie eers wie is Abraham of Moses of Dawid as daar oor hulle gepraat moet word nie. As

die Laerskool katkisasie se teenwoordigheid-register vandag vir die visitatore uitgehaal moet word, dis droewig. Die meeste kere is meer as 90% van ons Laerskool-kindere afwesig!

Dit beweeg eintlik maar na die ouerhuise wat ons op hierdie Hervormingsondag besef as onderrig in die huise en skole nie op standaard is nie, is die kerklike katkisasie in baie opsigte so moeilik. Dit staan weer ten nouste verbind dat ouer en kind, ja baie van ons ouers en kindere leef nie meer in die volle besef Christus sal weer kom maar is ek werklik gereed vir sy koms. Is ons werklik ingestel daarop dat Hy enige oomblik weer sal kom. Elkeen sal homself/haarself weer moet toets of my Christusverwagting nog werklik lewend is. As dit nie eers lewend is nie, hoe sal 'n kerk kan lewend wees?!

Ons sluit af met die troos dat Christus weet wat aangaan. Christus gee die belofte ... *Ek sal nooit sy naam uit die boek van die lewe uithaal nie, en Ek sal voor my Vader en voor sy engele verklaar dat hy aan My behoort.* Dis wonderlik om dit te mag hoor, maar die eerste wat vandag gehoor moes word, vir 'n stad en 'n kerk wat hulleself op die skouer wou klop, ja hulle is aan die slaap gevang toe hulle hoor - *Ek weet dat julle die naam het dat julle lewe, en tog is julle dood. Word wakker en versterk wat nog by julle oorgebly het, wat op die punt staan om dood te loop.* Vir God is dit nie goed nie, Jesus sê dan ook - *Wat julle doen, vind Ek nie goed genoeg voor die oë van my God nie.*

AMEN